**Woensdag 11 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23 | Fokusgedeelte: Romeine 6:18 |
|---|---|

**Vrygemaakte mens: Leef as slaaf van God en as erfgenaam van die ewige lewe**

God het ons deur Christus vrygekoop van die sonde en die dood, en nou kan ons Hom dien met vreugde! Die manier waarop ons ons Here soos slawe dien, is egter baie belangrik! Ons doen dit nie uit dwang nie, en misbruik nie die voorregte wat ons in Christus ontvang het nie. Daarom wil ons nie nog sonde doen nie, want ons wil nie die genade in Christus misbruik nie! Ons besef maar al te goed hoe duur ons gekoop is en watter prys betaal is! Daarom is daar by ons geen begeerte om nog ons vorige baas (Satan) te dien nie! Ons dien God met ons hele lewe soos slawe – absoluut toegewyd - want ons besef wat ons in Christus ontvang het.

Ons doen egter ons slawediens aan God soos mense wat ook erfgename (kinders) van die Vader is. Ons doen dit met vrywillige en vreugdevolle hart, omdat God ons lewe heeltemal vernuwe het en aan ons die ware lewe gegee het! In vers 22 lees ons dat God ons lewe heilig! Hy vorm ons lewe deur sy Gees sodat ons al hoe meer soos Christus word en al hoe meer soos kinders van God kan leef! En daarby is nog die vaste belofte dat ons die ewige lewe in Christus sal ontvang!

Wat meer wil ons hê, en hoekom sal ons dan nog sonde wil doen? Kom ons wees dan dankbare slaweseuns en slawedogters van die Vader wat uit sy genade leef en Hom absoluut toegewyd dien. Ons het alreeds die nuwe lewe ontvang en dit duur vir ewig!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*